

17 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 5:3-12 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 5:3, 6 en 10

Geseënd is hulle wat 'n honger en dors na reg het, en dit aan ander mense doen

Ons lees dat die Here Jesus vir sy dissipels en 'n skare mense lerend preek (5:1). Dit doen Hy nie in 'n kerkgebou agter 'n preekstoel nie, maar in die natuur op 'n berg. En die inhoud van Jesus se preek handel oor geregtigheid of bloot die doen van wat reg is. Vir iemand wat aan die koninkryk van die hemel behoort (Matt 5:3, 10), is die doen van wat reg is, baie belangrik. Dit is só 'n belangrike saak dat Jesus in Matteus 5:3-12 twee keer daarna verwys (Matt 5:6, 10). Die Here Jesus preek dat sy kinders hier op aarde reg teenoor hulle hemelse Vader en reg teenoor alle mense sal doen. Dit is liefde tot God en liefde tot jou naaste.

Om te doen wat reg is *teenoor mense*, kan beteken dat jy die reg sal optree teenoor *hulle wat van jōú afhanklik* is: Dit kan jou kinders, kleinkinders of selfs jou ouers wees. Dit kan jou onderdane of werknemers wees. Hier dink ons verder ook aan die embryo, die fetus, die gestremde, die terminale en soms bejaarde mens. Ons dink ook aan die arm mens, die verontregte mens en die gemarginaliseerde mens. Ons moet aan hulle reg doen. Dit beteken dat ons hulle fisies, psigies en geestelik sal versorg soos God ons versorg (Matt 6:25-34). Ons moet hulle versorg deur hulle te troos (Matt 5:4), sagmoedig te wees (Matt 5:5), barmhartig te wees teenoor hulle (Matt 5:7) en vrede te maak tussen hulle en met hulle (Matt 5:21-26).

Om reg te doen, beteken om jou kinders en ouers goed te versorg (Matt 6:25-34) en jou onderdaan of werknemer billik te behandel (Matt 20:1-6). Dit beteken verder dat jy die embryo en fetus se lewe sal beskerm (Matt 5:21-22). Om reg te doen, behels ook dat armes versorg sal word (Matt 6:1-2). Om reg te doen, beteken om die posisie en menswaardigheid van die verontregte en gemarginaliseerde mens te herstel (Matt 15:21-28). As jy hierdie dinge doen, dan doen jy wat reg is voor God. Geseënd is hulle wat 'n honger en dors na reg het en dit dan doen.

Sing: Psalm 102:9 (Cloete)

Dr AL Rheeder (Wesrand)